# Gebind, Gebuig, Gebrand

**Lee-Ann Van Rensburg 16/09/2018**

**Hebreërs 11:1 (AFR 1983) "Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie."**

**1. GEBIND**

**1.1.** In ons lewes word ons soms vasgevang en gebind deur goed wat met ons gebeur of vir ons gesê word.

**1.2.** Met tye glo ons die leuens wat ons bind. Ons begin om met die leuens saam te stem.

**1.3.** Die Bybel sê die volgende oor geloof en verbintenis:

**Hebreërs 12:1 (Nuwe Lewende Vertaling) "Met so 'n magtige skare toeskouers rondom ons om ons in die wedloop van die geloof dop te hou – kom ons stroop alles af wat ons spoed kan vertraag, veral die sonde wat so maklik 'n houvas op 'n mens kry. Kom ons hardloop met volharding op die baan wat voor ons uitgestrek lê."**

**2. DIE STORIE VAN DIE VROU WAT DIE PROBLEEM VAN BLOEDING GEHAD HET**

**Lukas 8:43-48 (Nuwe Lewende Vertaling) "Daar was 'n vrou in die skare wat twaalf jaar lank aan chroniese bloeding gely het. Sy het alles wat sy gehad het, aan dokters bestee, maar kon nie genees word nie. Sy het van agter na Jesus gekom en die soom van sy kleed aangeraak. Onmiddellik het die bloeding gestop. "Wie het My aangeraak?" het Jesus gevra. Almal het dit ontken, en Petrus het gesê: "Meneer, die hele skare stoot en druk voortdurend teen U." Maar Jesus het vir hom gesê: "Nee, iemand het My opsetlik aangeraak, want Ek het genesende krag uit My voel vloei." Toe die vrou besef dat Jesus weet, het sy begin bewe en op haar knieë voor Hom neergeval. Die hele skare het haar hoor vertel waarom sy Hom aangeraak het en hoe sy onmiddellik gesond geword het. "Dogter," het Hy vir haar gesê, "jou geloof het jou genees. Gaan in vrede."**

**2.1.** Jesus het die vrou genees en verlos. God se begeerte is om ons vry te maak van die goed wat ons verbind.

**Efesiërs 3:20 (1953 Vertaling) "En aan Hom wat mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink, volgens die krag wat in ons werk."**

## 3. DIE STORIE VAN DIE GESTREMDE VROU

**Lukas 13:10-17 (Nuwe Lewende Vertaling) "Een Sabbatdag, terwyl Jesus in die sinagoge onderrig gegee het, het Hy 'n vrou gesien wat deur 'n bose gees inmekaargetrek is. Sy was vir agtien jaar lank kromgetrek en kon nie regop staan nie. Toe Jesus haar sien, roep Hy haar nader en sê: "Vrou, jy is van jou kwaal genees!" Toe het Hy haar aangeraak en sy kon dadelik regop staan. Hoe het sy God nie geloof en gedank nie! Maar die hoof van die sinagoge was verontwaardig dat Jesus haar op die Sabbatdag genees het. "Daar is ses dae van die week om te werk," het hy vir die skare gesê. "Kom op daardie dae om genees te word, nie op die Sabbat nie." Maar die Here antwoord hom: "Julle huigelaars! Julle werk op die Sabbatdag! Wie van julle maak nie op die Sabbat julle os of donkie los in die stal en lei hom uit om te drink nie? Was dit nie vir My nodig, selfs op die Sabbatdag, om hierdie arme vrou te bevry van die gevangenskap waarin Satan haar vir agtien jaar gehou het nie?" Dit het sy vyande laat skaam kry. En al die mense was verheug oor die wonderlike dinge wat Hy gedoen het.**

**3.1.** Die vrou was vasgevang deur 'n gees wat haar inmekaargetrek het.

**3.2.** Ons kan kromgetrek en verbind raak fisies, emosioneel of geestelik.

**3.3.** Jesus het die vrou se probleem raakgesien. God sien ons en ons probleme ook raak.

**3.4.** Jesus het nie net haar probleem raakgesien nie, maar Hy het haar ook herstel. God wil ons ook genees en herstel.

## 4. DIE STORIE VAN SADRAG, MESAG EN ABEDNEGO EN DIE BRANDENDE OOND

**Daniel 3:21-30 (Nuwe Lewende Vertaling) "Hulle het toe die drie mans vasgebind en hulle in die brandende oond gegooi met hulle klere en al. Omdat die koning beveel het dat die vuur so warm gemaak moet word, het die vlamme uit die oond die mense doodgebrand wat Sadrag, Mesag en Abednego in die oond gegooi het. Die drie mans, Sadrag, Mesag en Abednego, het so vasgebind in die brandende oond beland.**
**Koning Nebukadnesar was egter verstom. Hy het opgespring en vir sy raadgewers gevra: "Was dit nie drie mans wat ons vasgebind het en in die vuur gegooi het nie?" "Ja, beslis, U Majesteit," het hulle vir hom gesê. Hy sê toe vir hulle: "Ek sien dan vier mans in die oond rondloop. Hulle is nie vasgebind nie. Hulle makeer niks. Die vierde een lyk soos 'n bo-aardse wese."**
**Nebukadnesar het so naby hy kan aan die deur van die vlammende oond gaan staan. Hy het geroep: "Sadrag, Mesag en Abednego, dienaars van God die Allerhoogste, kom uit en kom hier na my toe!" Sadrag, Mesag en Abednego het toe uit die vlammende**

**oond gekom. Die amptenare, hoofgoewerneurs, goewerneurs en ministers van die koning het om hulle saamgedrom. Hulle het gesien dat die vuur niks aan hulle gemaak het nie. Die hare op hulle kop was nie eers geskroei nie. Hulle klere het niks oorgekom nie en hulle het nie na rook geruik nie. Nebukadnesar het gesê: "Loof die God van Sadrag, Mesag en Abednego! Hy het sy engel gestuur om sy dienaars wat op Hom vertrou het, te red. Hulle het die koning se bevel verontagsaam en was bereid om hulle lewens te gee eerder as om eer te bewys aan enige ander god of enigeen buiten hulle eie God te dien. Ek vaardig nou 'n wet uit dat enige volk, nasie of taal wat sonder respek oor Sadrag, Mesag en Abednego se God praat, in stukke gekap word, en van hulle huise sal 'n ashoop gemaak word. Daar is geen ander god wat so kan red soos Hy nie!" Daarna het hy Sadrag, Mesag en Abednego bevorder en nog hoër posisies aan hulle in die provinsie van Babel gegee."**

**4.1.** Sadrag, Mesag en Abednego was letterlik vasgebind en in die vlamme gegooi, maar God was by hulle gewees. Sy teenwoordigheid het dit wat hulle gebind het tot niet gemaak.

**4.2.** God het hulle ten volle bevry, daar was niks oor van dit wat hulle vasgebind het nie.

**4.3.** God wil dit wat ons vasbind ten volle vernietig. Hy wil hê dat ons heeltemal vry moet wees. Hy wil hê dat ons vry moet wees om te hoop en te droom.

**GESPREK GITS**

**GEBIND, GEBUIG, GEBRAND**

**OPEN MET GEBED. HIERDIE IS SLEGS 'N GITS – KIES DIE PUNTE WAT JY WIL BESPREEK.**

1. Watter leuens glo jy omtrent jouself?
2. Glo jy dat God jou raak sien of voel dit of Hy van jou en jou probleme vergeet het?
3. Vertrou jy nog dat God jou kan vry maak van dit wat jou vasbind of het jy al hoop verloor?